HANTERING VAN MOERKLAGTES

(Artikel: Dr Ben Pieterse)

Onduidelikhede oor die hantering van moerklagtes en ook die aanspreeklikheid vir skade wanneer probleme met moere ondervind word, lei dikwels tot dispute. Om dit uit te skakel of vroegtydig op te los is daar sekere aspekte wat in gedagte gehou moet word.

Voor die aankoop van moere

- Die koper moet hom/haar vooraf vergewis van die omstandighede waaronder die moere geproduseer word. 'n Besoek aan die moerkweker is belangrik om seker te maak dat die aanplanting goed bestuur word en sodoende kan daar ook 'n vertrouensverhouding met die moerkweker opgebou word.

- Die koper kan vra vir 'n afskrif van die knolinspeksieverslag. Indien die moerkweker nie die uitslag wil beskikbaar stel nie, loop die koper 'n bepaalde risiko waarvoor net hyself/syself verantwoordelikheid aanvaar. Dit is daarom belangrik dat daar oor die beskikbaarheid van die inligting vroegtydig ooreengekom word vir ingeval daar later 'n probleem ondervind sou word. Die sertifiseringsuitslag kan met die moerkweker se toestemming van ASD bekom word. Indien die koper inligting wil uitklaar of bevestig sal ASD ook daarmee behulpsaam wees.

- Voor die aankoop van moere moet daar met die moerkweker ooreengekom word dat die nakontrole uitslag gelewer sal word sodra dit beskikbaar is. Daar moet ook ooreengekom word wat die prosedure sal wees indien die nakontrole uitslag hoër virusinhoud toon as 'n sekere toleransie. Die verkoper kan bv. aandui dat daar dan 'n bepaalde afslag op die koopprys gegee sal word. Indien die moerkweker nie bereid is om die nakontrole uitslag beskikbaar te stel nie, of om die koper tegemoet te kom indien die nakontrole uitslag die bepaalde toleransie oorskry nie, dan kan die koper betyds alternatiewe reëlings tref of besluit om die risiko te loop. Daar kan aanvaar word dat beide die koper, moerhandelaar en moerkweker almal bewus is van die risikos verbonde aan die aankoop van moere en indien daar nie vooraf ooreengekom word nie, daar later baie moeilik enige stappe geneem sal kan word. ASD kan nie die nakontrole uitslag beskikbaar stel sonder die toestemming van die moerkweker nie maar kan wel aandui of daar 'n uitslag beskikbaar is.

By ontvangs van moere

- ‘n Sak moere word slegs as gesertifiseer beskou indien die sak met 'n ASD etiket geseël is. Geen verskoning waarom dit nie die geval is nie, behoort aanvaar te word nie.

- Dit is belangrik dat die koper 'n deeglike inspeksie van die moere doen wanneer dit op die plaas aankom. Daar moet veral opgelet word na nat kolle op die sakke, uitermate uitgeloopte moere en interne afwykings soos holhart, koue skade en ander siektesimptome. Daar moet onthou word dat daar baie faktore is wat die kwaliteit van moere kan beïnvloed vanaf sertifisering tot en met planttyd. Afhangende van beskikbare tyd en arbeid, is dit wenslik om 'n 10 persent monster te neem vir die ondersoek (10 sakke uit elke 100). 'n Kleiner aantal moere kan deurgesny word om te kyk vir interne afwykings.

- Indien daar enige probleme met die moere waargeneem word, moet dit onmiddelik met die verskaffer opgeneem word. Die koper van die moere kan die vrag weier indien dit vir hom/haar nie aanvaarbaar is nie. Wanneer die vrag afgelaai is ,is dit uiters moeilik om agterna 'n probleem op te los.

- Dit is belangrik dat alle sertifiseringsetikette en vragbriewe gehou word vir ingeval daar na die plant van die moere 'n ondersoek gedoen moet word.

Hantering van moerklagtes

- Produsente word aangeraai om onmiddelik 'n probleem onder die aandag van die verskaffer te bring om 'n oplossing te vind.

- Indien die probleem nie uitgeklaar word nie, kan 'n moerklagte aanhangig gemaak word. Wanneer 'n moerklagte by ASA aangemeld word, word eerstens vasgestel of die moere gesertifiseer of ongesertifiseer is. Indien dit gesertifiseerde moere is, word die klagte onder ASD se aandag gebring.

- Indien ASD om die een of ander rede nie voortgaan met die ondersoek nie, kan ASA die betrokke produsent ondersteun ten opsigte van die diagnose en verdere probleemoplosssing indien nodig.

- Die protokol vir die hantering van diagnostiese monsters, soos opgestel deur Coen Bezuidenhout Saadtoetssentrum, sal gevolg word.

Aartappels Suid-Afrika se rol is oorwegend om die probleem te diagnoseer en moontlike oplossings voor te stel. Daar kan egter nie enige regsaksies namens produsente geneem word nie. Ondervinding het ook geleer dat regsaksies in die geval van moerklagtes met groot kostes gepaard gaan en selde bevredigende gevolge vir enige party het. Dit word daarom weereens beklemtoon dat die voorsorg voor die aankoop van moere en by ontvangs daarvan krities belangrik is en so ook die vestiging van 'n vertrouensverhouding tussen koper, moerhandelaar en moerkweker.